Nog 'n verwerkte materiaal wat uit steenkool en olie gemaak word, is verf. Verf word gebruik om verskillende voorwerpe te kleur en te versier. Verf kan ook gebruik word om hout teen reën te beskerm en die hout te bewaar.



Verf word ook van olie en steenkool gemaak.

## AKTIWITEIT 2 Identifiseer en klassifiseer materiale


1. Identifiseer die materiale waarvan die voorwerpe gemaak is. Teken die tabel oor en voltooi dit deur die regte kolom af te merk.

| Voorwerpe | Sand | Klei | Steenkool of olie |
|---|---|---|---|
| a. Plastieklepel | | | |
| b. Glasvaas | | | |
| c. Nylon-nagrok | | | |
| d. Keramiekteël | | | |
| e. Plastiekbal | | | |

2. Groepeer die voorwerpe volgens of hulle van onverwerkte of verwerkte materiale gemaak is. Gee 'n rede vir jou antwoord.
3. Kyk na die foto's van verskillende plastiekvoorwerpe op bladsy 72. Noem 'n onverwerkte of natuurlike materiaal wat gebruik kan word om elke voorwerp te maak.

## Diere se wol en velle word gebruik om tekstiele en leer te maak

Diere soos skape het wol. Wol is 'n natuurlike vesel. 'n Mens rol of spin hierdie vesels om gare soos breiwol te maak. Masjiene kan gare ook in tekstiele weef of brei.



Skaap word geskeer